# Eenheid 13 Voordele en uitdagings om in 'n groep te werk

**Sleutelwoorde**


**lonend:** aangenaam of bevredigend
**voordele:** dinge wat bruikbaar of nuttig is
**konflikte:** gevegte of meningsverskille

Groepwerk kan **lonend** wees. Dit bied baie **voordele**. Dit leer ons om:

- goedheid en respek teenoor ander te betoon
- ons gedagtes en gevoelens uit te druk
- spangees te ontwikkel
- **konflikte** op te los.

Soms kan groepwerk uitdagend wees, omdat almal in 'n groep nie kan saamwerk nie. Groeplede moet altyd:

- na mekaar luister
- doen wat van hulle verwag word
- ander lede se sterk punte en swakhede respekteer.




## Aktiwiteit 13.1 Groepdinamika

30 minute

1. Lees die voorbeelde hieronder. Skryf in jou werkboek of dit 'n positiewe of negatiewe voorbeeld van groepwerk is.
   a) Michael het op Nomsa geskree omdat sy hom onderbreek het.
   b) Mev. Singh het haar groep met 'n vroeë pouse beloon omdat hulle werk klaar was.
   c) Ray het ekstra tyd spandeer om 'n onderwerp vir die groep vir huiswerk na te vors.
   d) Natalie het nie na die onderwyser se instruksies geluister nie.
   e) Sipho het tyd gemors deur die ander leerders in sy groep te terg.
2. Dink aan 'n tyd in hierdie jaar toe julle groepwerk in die klas gedoen het.
   a) Het jy dit geniet om deel van 'n groep te wees? Waarom?
   b) Hoeveel leerders was in jou groep?
   c) Het elke lid van die groep gedoen wat van hulle verwag was?
3. Beantwoord hierdie vrae oor jou gesin en julle verhoudings met mekaar in volsinne.
   a) Kom julle almal oor die weg?
   b) Argumenteer sommige gesinslede?
   c) Wat kan jy doen om die verhoudings in jou gesin te verbeter?

**Uitbreiding**

Luister na jou onderwyser se instruksies vir 'n groepdinamiekaktiwiteit en voltooi die vrae oor Hulpmiddel 7.
Geniet dit!
7